

**24 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 22:1-19**  
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 22:9**

**Ware geloof lei tot onwrikbare gehoorsaamheid!**

Toe God aan Abraham die opdrag gegee het om sy seun Isak te gaan offer, het Abraham dadelik gehoorsaam. Sy geloof in God se almag, en daarom ook sy geloof dat God by magte is om uit die dood op te wek, was so sterk dat hy nie 'n oomblik gehuiwer het nie. Hebreërs 11 sê: "Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan ... Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het."

Abraham is geweldig op die proef gestel deur God se opdrag. Isak was die seun van die belofte, die enigste manier waarop God sy belofte van 'n groot nageslag kon vervul. Nou het dit gelyk of God 'n streep deur sy eie belofte wil trek met sy opdrag om Isak te offer.

Met sy verstand sou Abraham nie die twee dinge wat lynreg met mekaar gebots het – God se belofte en God se opdrag – bymekaar kon bring nie. Maar daar waar die verstand nie kan werk nie, daar moet geloof intree, die geloof dat God by magte is om die onmoontlike te doen!

Juis omdat Abraham bereid was om God onwrikbaar te gehoorsaam, al het dit gelyk of die opdrag die belofte kanselleer, juis daarom het God Isak aan Abraham teruggegee.

Mag God ook aan ons die ware geloof gee wat tot onwrikbare gehoorsaamheid lei!

*Sing: Skrifberyming 43:4*

*Ds Malan van Rhyn (Thabazimbi)*